

**Saterdag 31 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21**

**Fokusgedeelte: Openbaring 22:20**

**Kom, Here Jesus!**

Ons staan vandag aan die einde van die boek Openbaring. Die laaste bladsye van die Bybel. Ons staan ook aan die einde van nog 'n jaar. 'n Jaar vol baie vreugde en hartseer. 'n Jaar waarin ons aan die troos vasgehou het dat ons Koning regeer en dat Hy weer kom.

Openbaring sluit af met die herinnering dat ons die woorde van die boek nodig het. Dit gee ons troos wanneer ons teenstand ervaar en wanneer dinge baie deurmekaar in hierdie wêreld lyk. Dit gee troos, want die Here leer ons in Openbaring dat Hy alles na sy einddoel toe stuur. Dat Hy volkome in beheer is. Dat Hy ons verlossing volkome gaan maak en sy vyande ewig gaan straf met sy wederkoms.

Die Gees lei ons om met verlange uit te sien na die wederkoms. Om in ons gebede en met ons lewens uit te roep: Kom! Terwyl ons uitsien en terwyl ons bid vir die wederkoms, het ons God se Woord om aan vas te hou. God se Woord wat van ons Here Jesus Christus getuig. God se Woord waarin ons geleer word hoe ons lewe as mense wat dankbaar vir ons verlossing is. God se Woord wat volmaak is. Daarom durf niemand dit waag om iets by te voeg of weg te laat nie.

Mag ons elkeen uitsien na die wederkoms van ons Here Jesus. Mag ons die nuwe jaar aanpak met God se Woord in die hand en in die hart. Mag ons die nuwe jaar aanpak met die troos dat die heel beste vir ons op pad is. Nie in nog 'n jaar op aarde nie, maar in die ewigheid by God wat met die wederkoms aanbreek. Volhard gelowig en hou vas aan ons Here Jesus se belofte: "Ja, Ek kom gou!"

*Sing: Skrifberyming 57 (18-6):1-5*

*Ds. GP van Rhyen (Gerhard) (Komatipoort)*